

DIE SWART LUIPERD
No. 19
Gees uit
die Vuur.
braam le roux

Don is gemolesteer. Hy wou vlug, maar Donker het besluit dat dit in hierdie rigting moet wees. Sy aanvallers het venynige pyle agter Don aangeskiet en hom getref, maar gelukkig nie vir die perd nie. Don het gehou totdat hulle 'n paar kilometer van die vanggat af was. Spikkels en Simson het spoor gesny, en Donker het ywerig gevolg toe die gif Don se hart laat staan het. Maar die liggaam het so gou styf geword dat hy nie maklik kon afval nie. Opeens gee Simson 'n waarskuwende gegrom en vlug vinnig tussen die bosse in. Spikkels volg sy voorbeeld. Leon kyk vinnig in die nou pad op. Driehonderd tree van hom af, uit die rigting van die stat, beweeg daar honderd fakkels. Daar is 'n gebrom van stemme. Die fakkels kom in gelid teen die afdraande af, reg op Leon af.



INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | Wandelende Gees | 3 |
| 2. | Blits in die Duisternis | 12 |
| 3. | Die Draak Spuug Vuur | 22 |
| 4. | Die Spook wat Praat | 32 |
| 5. | Skurwe Reptiele | 42 |
| 6. | Die Tier Sweer Wraak | 52 |
| 7. | Die Dromme Praat | 62 |
| 8. | Die Dood op Loer | 71 |
| 9. | Put van die Dood | 80 |
| 10. | Die Voël wat Brul | 89 |


Hoofstuk 1

## WANDELENDE GEES

,,Daardie tamboere begin nou op my senuwees werk,'' verbreek prof. Ignatius Malan die stilte op die vlot wat nou al vir myle aaneen stadig stroom af beweeg.

,,Dit het my senuwees al lankal op hol,'' kondig die dikkerige man teenoor hom aan. ,,Wat is hulle plan? As dit nog 'n nag so moet aanhou, sal ek begin skree en oorboord spring.''

Aan die voorpunt van die vlot kekkellag 'n soel Spanjaard.

,,Dan sal die krokodille gou sorg dat jy nie meer kan skree nie. Miskien is dit presies wat die duiwelse tamboere wil hê: dat ons almal oorboord spring, sodat die krokodille kos kan kry.''

Ignatius stap met lang treë na die Spanjaard toe. Die vlot ruk effens, maar seil dan weer gelykweg. Die water van die rivier vloei saggies, egalig en stadig. Die rivier is hier breed maar taamlik vlak.

,,Waar is ons nou, Don Agosto?'' vra die professor besorg en vee die sweet vir die soveelste keer van sy voorhoof af, klap dan 'n lastige muskiet weg wat op sy ontblote voorarm gaan sit het om bloed te suig.

,,Ons is nou in die land van die Jivaro's, die afstammelinge van die Inka–ras wat jy so graag wil bestudeer.''

Ignatius se gesig helder op.

,,Dit is die beste tyding wat ek in die afgelope vier dae ontvang het, Don. Hoe lyk dit, kan ons nie maar waag om wal toe te gaan nie?''

Die Spanjaard skud sy kop.

,,Te gevaarlik. Ek hou nie van die aanhoudende tamboere nie; die dromme is nie vriendelik nie. Dit is die Jivaro's wat jy daar hoor, maar ek het nog nie een van hulle te sien gekry nie. Hulle weet ons is hier. Soos ons nou hier vaar, is daar honderde oë op ons gerig. Miskien wil hulle juis graag hê dat ons wal se kant toe moet druk, maar ek dink nie ons moet dit nou doen nie. Wanneer die tamboere ophou en sodra dit donker is, kan ons probeer.''

Don Agosto staar na die oranjekleurige son wat wil-wil agter die reuse boomtoppe in die weste afduik.

,,Dit sal nou-nou donker wees,'' kondig Mario Venter, die kort

geboude, behaarde mannetjie aan en hy luister met ingehoue asem na die dowwe, maar aanhoudende geklop van die tamboere. Die klank bly op een toonhoogte, eentonig, maar tog te midde van die anders drukkende stilte, onheilspellend.

Aan weerskante van die drie witmanne staan vuil Indiane. Hulle velle is geelwit, en die sweet pêrel selfs teen hierdie laat uur van die dag langs hulle stroewe gesigte te lees en hulle kyk bang-onrustig na die eindelose groen bosse aan weerskante van die breed vloeiende rivier.

,,Wat sê hulle, Mario? Wat beteken daardie dromme?''

Mario Venter skud sy kop.

,,Ek weet nie. Dit bly senutergend.''

Ignatius wink vir Don Agosto om nader te kom. Hy kom vlak voor die lang professor staan.

,,Vra bietjie die Rooihuide of hierdie dromme iets van betekenis uitslaan?'

Don Agosto lag breed. Met die agterkant van sy hand vee hy oor sy beswete voorhoof.

,,Ek het hulle al gevra, maar hulle antwoord nie. Hulle is skielik stom. Hulle staar net gedurig na die bosse. Ek kan geen woord uit hulle kry nie.

Een van die ses Rooihuide wat saam met Malan op hierdie uiters gevaarlike tog gekom het, kan 'n bietjie Spaans praat en verstaan. Half-waggelend, want die vlot begin skielik meer ruk, loop Ignatius op die lang, maar goed geboude Indiaan af. Hy klop hom op sy skouer en die Rooihuid draai vinnig om. Sy oë lyk verwilderd.

Ignatius vra:

,,Wat praat die dromme, Pegi?''

Sy lippe gaan oop om te praat; sy oë rek groter. Hy tuur om hom heen, net asof hy graag wil praat maar eers wil vasstel of die ander sal kan hoor. Maar toe hy weer na Malan kyk, skud hy net sy hoof.

,,Hoekom is jy bang, Pegi?''

Pegi lek vinnig oor sy kurkdroë lippe. Hy haal sy skouers op en draai sy rug op Malan. Die enkele geel veer op sy kop wip komieklik. Ignatius vererg hom.

Hy kry die Rooihuid aan sy twee skouers beet en ruk hom om. Hy staar in twee verskrikte oë.

,,Antwoord my, Pegi! Jou hart is soos water. Dit loop alles uit. Ek dag jy kom van 'n land af waar jou voorvaders jagters was. Ek het gedink dieselfde bloed loop in jou are!''





Malan skree te hard na Pegi se sin en die Rooihuid tuur verwilderd rond. Met een beweging ruk hy hom uit Ignatius se greep los en stap haastig na die verste end van die vlot toe. Dit is duidelik dat hy nou wil praat, maar dat hy seker wil maak dat die ander Rooihuide dit nie hoor nie.

Hy leun vooroor, sy lippe beweeg en hy fluister hees:

,,Die dromme gesels met hulleself, Witbaas. Maar hulle praat nie 'n mooi taal nie. Dit is die Jivero's se dromme. Hulle gesels lelike dinge met mekaar. Die taal wat die dromme praat, laat die ander ook skrik, Witbaas. Ons moet omdraai.''

Ignatius lag.

,,Jy het vergeet dat die Witman magtig is, Pegi. Wat praat daardie dromme?''

Hy gluur vinnig om hom heen om vas te stel of daar niemand is wat luister nie. Hy gewaar die belangstellende blikke van die twee ander witmanne. Hy trek sy asem diep in en sê dan:

,,My ouers het my lank gelede vertel van die tyd toe die Jivaro's nog kannibale was, Witbaas. Elke vreemde man wat in hulle land gekom het, is opgevreet, eers aan stukkies gesny, lewendig.''

Hy lek oor sy lippe, kyk weer bang na die groen bosse wat nou al donkerder word.

,,Maar dit was lank gelede, toe die son en die maan nog getroud was, toe hulle mensvreters was. Die ou Jivaro's se kinders het verleer om van mensvleis te lewe, lankal het hulle soos ons begin om bokke en beeste te eet. Die Jivaro's se kinders het verleer om bokke en beeste te eet. Die Jivaro's het nog soms vreemdelinge doodgemaak en dan hulle koppe afgekap en tsantsas daarvan gemaak en op stokke gedra, maar hulle het nooit mense gevreet nie. . .''

Ignatius word ongeduldig.

,,Jy bewe soos 'n riet, Pegi. Wat wil jy sê?''

,,Witbaas, daardie dromme praat mensvretertaal. Die dromme sing van vet vreemdelinge wat in hulle land aankom. Die dromme praat van 'n groot fees wat voorberei word. Die dromme praat iets van 'n Vuurgod wat vet slagoffers na die fees toe lok.''

,,Bedoel die dromme dat ons daardie vet vreemdelinge is?''

Pegi trek sy skouers op.

Die geklop van die dromme hou skielik op.

'n Intense stilte sak om hulle toe. Geen dier maak 'n geluid in die ondeurdringbare bosse nie. Daar is net die geraas van die water as die vlot daardeur seil, nou skielik vinniger.

Pegi draai sy rug haastig op die professor en stap vinnig na sy maats toe. Ignatius skud sy kop. Don en Mario stap hom tegemoet.

,,Het jy eindelik gepraat?'' vra Don.

,,Ja,'' antwoord Ignatius afgetrokke. ,,Hy vertel van mensvreters. . .'' En hy herhaal wat Pegi aan hom gesê het.

Don Agosto se gelaat is stroef.

,,Moenie daaroor lag nie, manne, ek dink Pegi se vrees is nie ongegrond nie. Verlede keer toe ek hier was, het daardie tamboere nie so gedreun nie. Verlede keer het die Jivaro's uit die bosse gehardloop gekom en ons vriendelik begroet. Hulle weet witmense bring presente saam. Hulle het nog altyd ontsag vir wittes gehad. Onlangs het ek gehoor dat die handelaars bang begin word het om hierheen te kom, maar ek het my nooit daaraan gesteur nie. Mens hoor baie dingetjiees. Pegi is ook reg. In die verre verlede was die Jivaro's mensvreters. Maar al wat hulle nog van daardie kannibaalse gebruik oorgehou het, is die feit dat hulle hul vyande se koppe afsny en dan in 'n pot kookwater, met allerhande boomblare daarin, dompel en laat kook totdat die kop na die grootte van die vuis van 'n man krimp. Hierdie kop, 'n tsantsa, hou hulle dan as 'n aandenking.

Malan lag weer.

,,Met ander woorde, jy en Pegi meen dat die Jivaro's skielik weer ontaard het na mensvreters en dat hulle vir ons wag om aan wal te stap?''

,,Dit mag wees. . . Nou. . . nou is die dromme stil. Ek hou nie van die skielike stilte nie.''

,,Miskien het hulle al moeg geword vir die speletjie.''

,,Moenie glo nie. Die Jivaro's het die grootste geduld ter wêreld.''

Dit word nou vinnig skemer. Die diere op die walle het begin waag om geluide te maak. Langs die vlot het groot krokodille af en toe hulle skurwe koppe bokant die oppervlakte laat uitkom, maar dan weer dadelik verdwyn. Die vlot het skielik al vinniger oor die





water geseil.

Don Agosto merk skielik op:

,,Die stroom het versnel. Ek is seker ons nader 'n waterval, of ons wil of nie. Ons sal kant toe moet druk.''

Hy skree skielik op die Rooihuide, en elkeen gryp vinnig 'n lang spaan. Hy blaf verdere bevele uit, en die sestal Rooihuide werk met die spane in die stroom. Hulle slaag daarin om die vaart van die vlot te verminder en druk die vaartuig stadig wal toe. Don het dit goedgedink om die vlot na die wal te stoot waarvandaan geen dromme opgeklink het nie. Die Rooihuide het juis daarom vinnig en gewillig gewerk.

,,Mensvreters!'' prewel Ignatius en hy begin sy geweer en rewolwer te laai.

Mario volg sy voorbeeld.

Dit is sterk skemer.

Skielik trek Ignatius sy asem diep in.

Voor hulle tussen die bosse verskyn skielik talle wit gesigte wat op die vlot afgluur.

Don Agosto gee 'n uitroep van verbasing, en daar gaan 'n gemurmel van stemme op toe die Rooihuide wat op die vlot swoeg, die loerende gesigte ook raaksien. Hulle vergeet om die vlot kant toe te druk en die stroom pluk-pluk aan die vlot en dreig om dit weer stroom afwaarts te sleur.

Dit lyk of daardie gesigte nog maar altyd daar tussen die blare deur geloer het. Stadig kom die liggame wat aan daardie gesigte vas is, nou te voorskyn. Dit is 'n sluipende beweging. Ignatius merk nou dat die gesigte van die inboorlinge besmeer is met wit kalk of verf. Dit lyk mismaak. Die liggame is byna kaal. Die onderlyf is gedeeltelik bedek met 'n stuk rooi materiaal. Die inboorlinge het lang hare wat laag in hulle nekke hang. Elkeen omklem 'n knopkierie stewig met sy hand. Hulle gluur na die vlot maar uiter geen geluid nie.

Ignatius vloek op die Rooihuide, en dadelik probeer hulle om die vlot weer onder beheer te kry. Met inspanning slaag hulle daarin.

Malan hou die gestaltes daar op die wal stip dop. Hy tel vyftien van die half-naakte figure. Hulle staan nou almal doodstil, maak geen beweging nie, maar alle oë is op die vlot gerig. Ignatius praat vinnig in Spaans met Agosto.

,,Vra Pegi om met hulle in die Jivaro-taal te praat. Of is dit nie Jivaro's nie?''

,,Dit is,'' beaam Agosto, maar Ignatius sien dat die Spanjaard senuweeagtig is.

Don rammel vinnig 'n paar woorde aan die Rooihuid af. Pegi gaan staan op die kant van die vlot en skreeu dan uit volle bors. Don Agosto vertaal hier langs Ignatius so vinnig soos die verbouereerde Pegi praat:

,,Ons groet julle, seuns van die Jivaro, en ons kom in vrede om vir julle geskenke te bring.''

Pegi breek skielik af en wag hoopvol. Sy stem rammel tot hom terug daar van die digte woud af.

Die naakte Jivaro's beweeg nie. Hulle uiter geen woord nie.

Pegi begin weer vreesagtig word. Hy loer terug na Ignatius en skree dan weer:

,,Ons groet julle, Jivaro's. Die witmanne is afgesante van 'n deurlugtige koning oor die see wat sy groete oordra.''

Nog is daar geen reaksie nie. Die vlot beweeg stadig-krakend nader na die wal toe. So naby is hulle nou dat Ignatius sien hoe die naakte skepsels hulle oë knip. Hulle gesigte bly egter stroef, en die wit merke op hulle wange en voorhoof maak die uitdrukkings op hulle bakkies nog afskuweliker.

Die Rooihuide kyk nou nie meer wat hulle doen nie. Die sterk stroom water ruk twee se roeispane uit hulle hande en weer ruk die vlot met die stroom af. Vinnig word hulle van die wal af weggedra..

Ignatius spring vinnig by en begin op die Rooihuide skel. Maar nou kry hulle die vlot nie weer onder beheer nie. Dit is asof die water nou sterker vloei. Die vlot word vinnig stroom af gedra.

Voordat Ignatius self 'n lang spaan gryp en begin druk, kyk hy weer terug na die wal toe. Hy knip sy oë. Sy mond gaan oop van verbasing.

,,Hulle is weg!'' roep hy uit.

Mario en Don kyk ook terug.

,,Waarheen is hulle nou?'' kerm Mario.

,,Dit lyk snaaks,'' brom Don. ,,Hulle is soos stom mense. Hulle het ons nie teruggegroet nie. Dit slaan my dronk!''

,,Ek hou nie daarvan nie,'' bibber Mario terug.

,,Roei wal toe!'' skree Ignatius vererg.





Met mening druk die Rooihuide die vlot nou wal toe. Hulle oë is nog angstig op die plek gerig waar die Jivaro's so skielik verdwyn het.

,,Hou julle geweers gereed, Mario. Ek sal nie dat daar met ons gespeel word nie. Skiet as hulle enigsins aanvallend optree.''

Malan val byna plat op die vlot neer toe die voorpunt van die vlot teen die wal bots. Don spring eerste af met 'n tou in sy hand. Haastig bind hy die een end aan 'n boomstam vas. Malan spring ook op die wal en hardloop vinnig tussen die bosse in. Die Rooihuide volg, maar dit is duidelik dat die vrees hulle opvreet.

Hulle gaan hurk vinnig tussen die bosse. Vir etlike oomblikke heers daar 'n doodse stilte. Ignatius luister fyn, maar daar is nie eens 'n luggie wat trek nie. Die breë blare van die hoë bome maak geen ritseling nie. Dit is net die stroom wat verbykabbel.

Die skemerte het reeds in nag verander. Dik en swaar rus die gitswart skaduwees onder die bome. Die Rooihuide is te bang om te beweeg.

Ná 'n rukkie verbreek Ignatius die stilte.

,,Bring die bagasie van die vlot af. Ons moet dieper in die bosse intrek. Ek is seker daardie mismaakte skepsels het die woud in gevlug.''

,,Ek glo nie hulle het geskrik nie,'' antwoord Mario Venter. ,,Ek is oortuig daarvan dat hulle ons nou-nou sal aanval.''

,,Hoe gouer hoe beter,'' is Don se kommentaar. ,,Hierdie stilte en wag werk op my senuwees.''

Die Rooihuide word beveel om die proviand, ammunisie en kos af te dra. Hulle doen dit half-onwillig, hulle beweeg soos skimme, stil, te bang om asem te haal.

Dit is 'n tasbare stilte wat doods om hulle lê. Daar is geen geluid van diere nie. Nag vir nag het hulle die gebrul van jaguars gehoor, maar nou is selfs die roofdiere nie bedrywig nie.

Don Agosto loop voor en hy kap die takke met sy kromlem-mes voor hom weg. Sy geweer is onder sy arm vasgedruk. Net agter hom loop Ignatius met sy geweer in sy regterhand en 'n flits in sy linkerhand, wat voor hom 'n kol lig op die groen blare laat val. Die Rooihuide volg net agter Ignatius met die proviand, en heel agter is Mario Venter.

,,Hoe verstaan jy dit, Don? Daar is geen geluid nie, behalwe die

geluid wat deur ons veroorsaak word. Hel, ek wens daardie tamboere wil weer begin. Hierdie stilte maak my klaar,'' verbreek Ignatius die swye.

Miljoene muskiete gons en soem om Malan, maar vanaand voel hy nie die bytplekke wat hulle hom toedien nie.

Eindelik gaan staan Don in 'n opening in die bosse. Hulle is omring deur 'n muur van stamme en groen blare. Daar is 'n muwwe reuk in die lug. Dit voel vir Malan kompleet asof hier geen lug deursypel nie.

Don Agosto se stem klink hees op en die Rooihuide gooi hulle pakke neer en begin 'n groot tent ooptrek. Hulle beweeg nog steeds stil. Hulle praat byna geen woord nie, en as hulle dit doen, dan is dit in bang fluistertone. Die sweet tap van die professor af. Hierdie gefluister raak ook op sy senuwees. Dit maak hom ongeduldig. Waarom is dit nodig dat hulle so fluister? Skielik skree hy hard:

,,Manne, praat tog in hemelsnaam hard! Ons is nie in 'n hospitaal nie.''

,,Voel vir my eerder asof ons in 'n kerkhof is,'' fluister Mario nouliks hoorbaar.

Don pak 'n vuur aan en Ignatius kom nader om dit aan die brand te steek.

Toe die vlamme haastig oplek boontoe, voel hy rustiger.

Weldra speel die vlamlig teen die groen blaremuur en die digte blaredak; dit maak skaduwees teen die dik stamme, en telkens is dit asof iemand om die donker stamme na hulle loer.

Nog 'n minuut van stilte draal verby, maar dan kletter die vuur gesellig, en weldra hang daar 'n swaar geur van gebraaide vleis in die lug. Die Rooihuide waag dit om harder te praat, en Ignatius staan telkens op en stap met sy flits tussen die bosse in.

Hy laat dit tussen die bome deur speel.

Skielik is daar 'n rammelende gegrom hier vlak by hom. Die flits se lig spring vinnig in daardie rigting. Blare roer vinnig toe 'n gespikkelde jaguar tussen die takke verdwyn.

,,Dit is beter,'' praat Ignatius hardop met homself. ,,Die oerwoud begin lewe. Ek hou nie van hierdie intense stilte nie.''

Hy laat die kol lig nog hier voor hom rondspeel, en dan verstyf hy skielik.

Hy bring sy ligte geweer vinnig op na sy skouer, sommer met sy





een hand.

Die lig van die flits bewe op iets grusaams hier voor hom. Daar kom 'n knop in Ignatius se keel. Hy sluk swaar. Daar kom iets soos 'n vogtigheid in sy oë.

Net langs 'n groot boom, met 'n dik swart stam, gryns 'n geraamte hom toe. Hy kan die hol oogkaste duidelik sien, die ribbebene en die kniekoppe.

Hy retireer effens.

Die lug bly op die geraamte speel.

Die geraamte staan regop langs die boom, maar dit beweeg nie.

Ignatius staan weer stil. Hy moet nie vlug nie. Hy moet liewer nader stap. Moontlik is dit 'n mensgeraamte wat teen die boomstam aangeleun staan. Maar hoekom blink dit so?

Skielik beweeg daardie geraamte. Ignatius Malan, professor in die volkekunde, sien hoe dit omdraai en dan tussen die lower verdwyn.

Die flits val byna uit Malan se hand. Hy tel skielik die geweer op en trek die sneller. Die knal is oorverdowend en die koeël skeur deur die takke.

En dan draai Malan om.

Agter hom staan een van sy Rooihuide wat besig was om hout te versamel. Die inboorling kan nie beweeg nie. Sy oogappels vertoon wit.

Skielik donder die hele oerwoud. Van alle kante klink die gedreun van tamboere op. Tamboere wat hulle klanke deur die boomtoppe laat sidder.

Die Rooihuid skree luidkeels, gooi die hout in sy hande haastig neer en hardloop dan vinnig tussen die bosse deur, terug na die vlot langs die waterkant.

So ver as hy hardloop skree hy luid:

,,Die Wandelende Gees! Vlug, broeders, ons is dood!''

Die ander Rooihuide hoor sy angstige geskree. Een laat val die stuk vleis waaraan hy gestaan en eet het, en breek ook tussen die takke deur.